

Sales panel

For further information see attached pamphlet
Vir verdere inligting sien aangehegte pamflet

CALIBRE® SC

Malawian Reg. No. / Nr. MW/PCB/2019/0973
Namibian Reg. No. / Namibiese Reg. Nr. N-AR 1850

A suspension concentrate herbicide for pre and early post-emergence control of certain annual grass and broadleaf weeds in maize.		'n Suspensie konsentraat onkruidodder vir voor- en na-opkom beheer van sekere eenjarige gras- en breëblaaronkruid in mielies.
Herbicide Group Codes	K₃ & C₁	Onkruidoddergroepecodes

ACTIVE INGREDIENTS:

Acetochlor (chloroacetanilide) 350 g/l. Asetochloor (chloorasetanilied)
Atrazine (triazine) 175 g/l.Atrasien (triasien)
Terbutylazine (triazine) 175 g/l. Terbutielasien (triasien)
Dichlormid (safener)..... 48 g/l.....Diklormied (beveiliger)

AKTIEWE BESTANDDELE :

Net volume.....ℓ.....Netto volume

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:**

Nulandis, a division of AECI Ltd

Reg. No./Nr 1924/002590/06

P.O. Box /Posbus 14418; Witfield; 1467

Tel: (+27 11) 823 8000

www.nulandis.com

CALIBRE® is the registered trademark of Technichem Crop Protection (Pty) Ltd/is die geregistreerde handelsmerk van Technichem Oesbeskerming (Edms) Bpk

IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL
0861 555777 / 0824468946

Batch Number :

Lotnommer:


Date of Manufacture:

Vervaardigingsdatum:

UN No. /VN Nr. 3082 – Environmentally hazardous substance, liquid, n.o.s.



**HARMFUL
SKADELIK**



Pamphlet

CALIBRE® SC

Malawian Reg. No. MW/PCB/2019/0973

Namibian Reg. No. N-AR 1850

A suspension concentrate herbicide for pre and early post-emergence control of certain annual grass and broadleaf weeds in maize.

Herbicide Group Codes	K ₃ & C ₁
-----------------------	---------------------------------

ACTIVE INGREDIENTS:

Acetochlor (chloroacetanilide) 350 g/l

Atrazine (triazine) 175 g/l

Terbutylazine (triazine) 175 g/l

Dichlormid (safener) 48 g/l

REGISTRATION HOLDER:

Nulandis, a division of AECI Ltd

Reg. No. 1924/002590/06

P.O. Box 14418; Witfield; 1467

Tel: (+27 11) 823 8000

www.nulandis.com

HARMFUL

WARNINGS:

Poisonous when swallowed.

Irritating to eyes.

May cause skin sensitization.

Store in a cool place, away from food, feeds, seed or other agricultural remedies.

Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.

Re-entry – Do not enter treated area within one day after treatment unless wearing protective clothing. In case of poisoning – CALL A DOCTOR AND MAKE THIS LABEL AVAILABLE TO HIM/HER.

ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS, QUALITY OF DILUTION WATER, COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF THE WEEDS TO THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY FOR DAMAGE TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE SUPPLIER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.

PRECAUTIONS:

Do not breathe fumes or the spray mist.

Wear protective clothing (face shield, rubber gloves and boots) when handling concentrate.

In case of contact with skin or eyes, wash immediately with plenty of water. Get medical attention if necessary.

Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and changing clothes.

Do not mix and load within at least 15 m from boreholes, streams, rivers and dams.

Do not apply within at least 15 m from boreholes, streams and rivers.

Do not apply within at least 60 m from dams.

Ensure that no back siphoning to boreholes or dams takes place when the product is applied through the irrigation system.

Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.

Clean applicator thoroughly before re-using and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.

When empty, invert the container over the spray tank or mixing tank and allow it to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to at least one tenth of that of the container and add the rinsings to the contents of the spray tank. Destroy the container by puncturing and burying or burning it. Do not use the container for any other purpose.

USE RESTRICTIONS:

To avoid damage to follow-up crops the following waiting periods must be adhered to:

MAIZE AND SUGARCANE	NONE
GRAIN SORGHUM	12 MONTHS
DRY BEANS, FODDER SORGHUM, GROUNDNUTS, POTATOES, SMALL GRAINS, SOYBEANS AND SUNFLOWERS	18 MONTHS
ALL OTHER CROPS (A TEST PLANTING IS RECOMMENDED)	24 MONTHS

Except at all other crops the waiting period can be reduced to 9 months if the rate of application is less than 1.0 kg a.i of triazines. When using **CALIBRE SC** the amount of active triazines applied per hectare should be calculated as follows: 1 litre **CALIBRE SC** contains 0.175 kg active ingredient (a.i) atrazine and 0.175 kg active ingredient (a.i) terbuthylazine.

2.3 litres **CALIBRE SC** / ha = $2.3 \times (0.175 + 0.175) = 0.805$ kg a.i triazine / ha.

4.5 litres **CALIBRE SC** / ha = $4.5 \times (0.175 + 0.175) = 1.575$ kg a.i triazine / ha.

NB: The abovementioned waiting periods are valid only if the correct dosage of **CALIBRE SC**, according to soil type, was applied and normal or above average rainfall occurred after planting / during the season when **CALIBRE SC** was applied.

When applied to soils, which expand on wetting and crack or crumble on drying out as well as soils high in lime content, triazine will remain much longer active in the soil, resulting in longer waiting periods. Poor weed control may also be experienced, when applied pre-emergence.

RESISTANCE WARNING :

For resistance management, **CALIBRE SC** has been classified as Group Codes K₃ & C₁ herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **CALIBRE SC** and other Group Codes K₃ & C₁ herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **CALIBRE SC** or any other Group Codes K₃ & C₁ herbicides.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide Group Codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

SYMPTOMS POISONING:

No cases of human poisoning known.

Symptoms may include an allergic skin reaction, respiratory irritation, headache, faintness, giddiness, abdominal pains and vomiting.

FIRST AID TREATMENT:

Inhaled - Remove patient from source of poisoning and keep him quiet and reassured. If not breathing, administer artificial respiration. If breathing is difficult, give oxygen. Get medical attention.

Ingested – Immediately transfer patient to the nearest hospital or medical centre, warning by telephone of the estimated arrival time so that the start of treatment is not delayed. DO NOT induce vomiting unless directed to do so by medical personnel. Never give anything by mouth to an unconscious person. If large quantities of this material have been swallowed, call a physician immediately. Loosen tight clothing such as a collar, tie, belt or waistband.

Skin contact: Remove contaminated clothing and shoes and rinse contaminated body area thoroughly with plenty of soap and cold water for at least 15 minutes. Wash clothing before re-use. Thoroughly clean shoes before re-use and get medical attention.

Eye contact – Check for and remove any contact lenses. Immediately flush eyes with running water for at least 15 minutes, keeping eyelids open. Get medical attention.

NOTE TO PHYSICIAN:

If large quantities have been absorbed, gastric lavage may be necessary. Treat symptomatically.

DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED

Do not apply **CALIBRE SC** to inbred parent plants of maize hybrids nor onto experimental or newly released cultivars without first referring to the registration holder and seed supplier before application.

Flood irrigation can reduce weed control performance.

Optimum pre-emergence weed control is obtained on a fine, even seedbed, free of clods, trash and weeds. However, stubble mulch or minimum tillage conditions may result in inefficient weed control.

Before using **CALIBRE SC** in combination with other herbicides, read the labels and adhere to label recommendations and restrictions. A physical compatibility test should always be carried out prior to application.

The addition of **BLADBUFF 7 / BLADBUFF 12 /TECHNIBUFF** to the spray tank is recommended to prevent alkaline hydrolysis.

MIXING INSTRUCTIONS:

SHAKE THE CONTAINER WELL BEFORE USE

CLOSE CONTAINER TIGHTLY AFTER USE

When mixing **CALIBRE SC** with other herbicides or using in a spray program, read the labels of all relevant products and adhere to the manufacturers' recommendations.

When mixing **CALIBRE SC** with other registered herbicides, use the following procedure chronologically:

- a) Fill the spray tank three quarters with clean water. Add the required amount of **CALIBRE SC** to the water through a 50 mesh sieve whilst stirring.
- b) Ensure thorough agitation of the mixture in the spray tank during mixing and spraying.
- c) Tank mixtures must be sprayed out immediately and do not leave prepared spray standing overnight.
- d) Thoroughly flush out spraying equipment at the end of the spraying operation.

APPLICATION METHOD:

Ensure that spray equipment is accurately calibrated and regularly checked before and during the spraying operation.

10-15 mm rain within 7 – 10 days after application is necessary for good weed control.

CALIBRE SC must be applied to a well prepared seedbed without clods, free of developing weeds.

For optimum weed control, seedbed preparation should take place within 3 days before planting, which is followed immediately by the **CALIBRE SC** application. 10 – 15 mm rain or irrigation within 3 days to wash the herbicide into the weed germinating zone, will ensure optimum weed control.

Under dry conditions, weed seedlings may emerge. These are usually stunted and can be controlled with either a shallow cultivation which also mixes the herbicide with the top 10 – 20 mm of soil, or with a recommended post-emergence herbicide treatment.

Heavy rainfall directly after application can result in poor efficacy of the product due to wash away or leaching. In this case a follow-up application after cultivation is recommended.

If soil crusting becomes a problem, rotary harrow not deeper than 10-20 mm in the same direction the rows are planted, to assist with maize germination.

Any mechanical cultivation after application will result in less efficient weed control.

Harrowing after application may reduce weed control if untreated soil is brought into the surface.

Ensure that sufficient fertilizer is placed near the seed at planting, to promote vigorous seedling growth. This is especially important with early planting when the soil temperature is relatively low accompanied with continuous moist conditions.

Use 200 – 300 ℓ / ha total spray volume for an overall ground application.

Dosage rates and spray volumes should be adjusted accordingly for on the row band treatments.

Ground Application:

Pre-emergence (Important):

Apply **CALIBRE SC** or tank mixtures thereof in maize at planting or immediately after planting. Do not apply later than three days after last cultivation and planting. **Magnum** or **Magnum Super** can be used to control cutworm.

Depending on circumstances, acceptable grass control may only be achieved for up to six weeks after application.

If prolonged weed control is desired and where pre-emergence band application has been done, a follow up application after thorough cultivation is recommended, pre-emergence of the weeds.

Post-emergence:

Broadleaf weeds must not be larger than the 4-leaf stage for early post-emergence application. If grasses are present or broadleaf weeds have developed beyond the 4-leaf stage the weeds must first be destroyed by cultivation before the application.

APPLICATION TABLE:

MAIZE	
Table 1	
The control of certain broadleaf weeds and annual grasses where crab-finger grass (<i>Digitaria sanguinalis</i>) is a problem.	
% Clay	CALIBRE SC ℓ / ha
0 - 10	1.8 – 2.3
11 – 15	2.3 - 2.75
16 – 20	2.75 – 3.25
21 – 30	3.25 – 3.75
31 – 40	3.75 – 4.5
>40	Not recommended
Use the higher dose rate where moderate weed pressure of the following weeds, occur; Large thorn apple (<i>Datura ferox</i>) Thorn apple (<i>Datura stramonium</i>) Crab-finger grass (<i>Digitaria sanguinalis</i>) Khaki weed (<i>Tagetes minuta</i>) Light weed pressure of Yellow nutsedge = Yellow Watergrass (<i>Cyperus esculentus</i>). For <i>Cyperus esculentus</i> , only suppression will be achieved.	

WEEDS CONTROLLED BY CALIBRE SC	
Grasses	
Sweet signal grass	<i>Brachiaria eruciformis</i>
Feather top chloris	<i>Chloris virgata</i>
Crab-finger grass	<i>Digitaria sanguinalis</i> ²
Goose grass	<i>Eleusine indica</i> => <i>Eleusine corocana</i>
Ubabe = Guineagrass	<i>Panicum maximum</i> ^{1 + 2}
Sweet buffalo grass	<i>Panicum laevifolium</i> => <i>Panicum schinzii</i> ^{1 + 2}
Red bristle grass	<i>Setaria pullide-fusca</i>
Sticky bristle grass	<i>Setaria verticillata</i> ¹⁺²
Small carrotseed grass	<i>Tragus berteronianus</i> ¹⁺²
Large carrotseed grass	<i>Tragus racemosus</i> ¹⁺²
Garden grass	<i>Urochloa brachyuran</i> ¹⁺²
Bushveld Herringbone grass	<i>Urochloa mosambicensis</i> ¹⁺²
Herringbone grass	<i>Urochloa panicoides</i>
Since CALIBRE SC controls annual grasses, other annual grasses that are not listed may be controlled to a greater or lesser degree. However, the registration holder does not accept any liability in respect of the control of unlisted weeds.	

Broadleaf weeds	
Eight-seeded Prostrate starbur Five-seeded Prostrate starbur Upright starbur Perennial pigweed Common pigweed Thorny pigweed Red pigweed Spanish blackjack Cosmos Blackjack White goosefoot Green goosefoot Spindlepod Pretty lady Bengal wandering Jew Mealie Crotalaria Striped wild cucumber Yellow nutsedge = Yellow watergrass Thorn apple (<u>early germinating only</u>) Gallant soldier Gisekia Kenaf Bladderweed Common morning glory Apple of Peru Wild gooseberry Purslane Tropical Richardia Dwarf marigold Sowthistle Khaki weed Devils Thorn = Dubbeltjie Cocklebur	<i>Acanthospermum australe</i> <i>Acanthospermum glabratum</i> <i>Acanthospermum hispidum</i> <i>Amaranthus deflexus</i> <i>Amaranthus hybridus</i> <i>Amaranthus spinosus</i> <i>Amaranthus thunbergii</i> <i>Bidens bipinnata</i> <i>Bidens formosa</i> => <i>Cosmos bipinnatus</i> ¹⁺² <i>Bidens pilosa</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Chenopodium carinatum</i> <i>Cleome monophylla</i> <i>Cleome rubella</i> <i>Commelina benghalensis</i> ¹⁺² <i>Crotalaria sphaerocarpa</i> ¹⁺² <i>Cucumis myriocarpus</i> ² <i>Cyperus esculentus</i> ¹⁺³ <i>Datura</i> spp ¹⁺²⁺⁴ <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Gisekia pharnaceoides</i> <i>Hibiscus cannabinus</i> ¹⁺²⁺⁴ <i>Hibiscus trionum</i> <i>Ipomoea purpurea</i> ¹⁺²⁺⁴ <i>Nicandra physaloides</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Richardia brasiliensis</i> <i>Schkuhria pinnata</i> <i>Sonchus oleraceus</i> <i>Tagetes minuta</i> ¹⁺² <i>Tribulus terrestris</i> ¹⁺²⁺⁴ <i>Xanthium strumarium</i> ¹⁺²⁺³⁺⁴
Note: 1. Weeds controlled with the higher rates in the given range. 2. Additional weeds controlled by post-emergence application. Grasses controlled when using higher dosage. 3. Variable control. 4. For more effective broadleaf weed control add Atrazine or Suprazine to the recommended dose rate of CALIBRE SC (Table 2)	
3. The control of <i>Cyperus esculentus</i> is dependent on the following: *Where a dosage choice is given, the higher rate should be used. *Planting must be preceded by a deep ploughing. *See "Application Table" for further information.	

Table 2 Additional herbicide recommendations	
% Clay	Atrazine / Suprazine ℓ / ha)
0 - 10	0.5
11 – 15	0.5 – 0.75
16 – 20	0.75 – 1.0
21 – 30	1.0 – 1.25
31 – 40	1.25 – 1.50
>40	Not recommended

The following trademarks and registrations are acknowledged:

Product	Registration Number	Company
Atraflo 500 SC	L5504	Nulandis® (A division of AECI Limited)
Bladbuff® 7	L8121	Nulandis® (A division of AECI Limited)
Bladbuff 12®	L8201	Nulandis® (A division of AECI Limited)
Magnum®	L4967	Technichem (Pty) Ltd
Magnum® Super	L6679	Technichem (Pty) Ltd
Suprazine® 600 SC	L4846	Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd

Bladbuff 12® & Bladbuff® 7 are the registered trademarks of AECI Limited (Nulandis® a division of AECI Limited)

Atraflo & Technibuff are the registered tradenames of Nulandis® (A division of AECI Limited)

PAMFLET

CALIBRE® SC

Malawian Reg. Nr. MW/PCB/2019/0973

Namibiese Reg. No. N-AR 1850

'n Suspensie konsentraat onkruidodder vir voor- en na-opkom beheer van sekere eenjarige gras- en breëblaaronkruid in mielies.

Onkruidoddergroepcodes

K₃ & C₁

AKTIEWE BESTANDDELE :

Asetochloor (chloorasetanilied) 350 g/l
Atrasien (triasien) 175 g/l
Terbutielasien (triasien) 175 g/l
Diklormied (Beveiliger) 48 g/l

REGISTRASIEHOUER:

Nulandis, 'n divisie van AECI Beperk

Reg. Nr 1924/002590/06

Posbus 14418; Witfield; 1467

Tel: (+27 11) 823 8000

www.nulandis.com



SKADELIK

WAARSKUWINGS:

Giftig indien ingesluk.

Irriterend vir oë.

Mag gevoeligheid van die vel veroorsaak.

Berg in 'n koel plek, weg van voedsel, voer, saad of enige ander landboumiddels.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Herbetreding – Moenie behandelde gebied binne een dag na bespuiting binnegaan nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

In geval van vergiftiging – ONTBIED 'N GENEESHEER EN STEL HIERDIE ETIKET AAN HOM/HAAR BESKIKBAAR.

ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEINVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUIDE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMATREËLS:

Moenie spuitmis of sproeinewel inasem nie

Dra beskermende klere (gesigskerm, rubberskoen en rubberhandskoene) tydens hantering van die konsentraat.

Indien die middel met die vel of oë in aanraking kom, was onmiddellik met genoegsame water. Indien nodig moet mediese behandeling verkry word.

Moenie eet, rook of drink tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.

Moenie meng en laai nader as minstens 15 m vanaf boorgate, strome, riviere en damme nie.

Moenie nader as minstens 15 m vanaf boorgate, strome en riviere toedien nie.

Moenie nader as 60 m van damme toedien nie.

Verseker dat geen terugsyfering plaasvind na boorgate of damme wanneer die produk deur 'n besproeiingstelsel toegedien word nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Verhoed die wegdrywing van sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.

Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en doen weg met waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.

Sodra die houer leeg is keer dit om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelyk aan minstens 'n tiende van die houer en gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Vernietig die houer deur gate daarin te maak en te begrawe of te verbrand. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

Om skade aan opvolggewasse te voorkom moet die volgende wagperiodes nagekom word:

**MIELIES EN SUIKERRIET
GRAANSORGHUM**

**GEEN
12 MAANDE**

**AARTAPPELS, DROËBONE, GRONDBONE, KLEINGRAAN,
SOJABONE, SONNEBLOM EN VOERSORGHUM**

18 MAANDE

ALLE ANDER GEWASSE ('N TOETSAANPLANTING WORD AANBEVEEL)

24 MAANDE

Behalwe by alle ander gewasse kan die wagperiode verminder word na 9 maande indien die toedieningsdosis van die triasien minder is as 1.0 kg (a.i) aktiewe bestanddeel. Indien **CALIBRE SC** gebruik word, kan die hoeveelheid aktiewe triasiene wat toegedien word per hektaar, soos volg bereken word: 1 litre **CALIBRE SC** bevat 0.175 kg aktiewe bestanddeel (a.i) atrasien en 0.175 kg aktiewe bestanddeel (a.i) terbutielasien.

2.3 liter **CALIBRE SC** / ha = $2.3 \times (0.175 + 0.175) = 0.805$ kg a.i triasien / ha.

4.5 liter **CALIBRE SC** / ha = $4.5 \times (0.175 + 0.175) = 1.575$ kg a.i triasien / ha.

NOTA: Bogenoemde wagperiodes geld slegs indien die aanbevole dosis volgens grondtipe toegedien is, gevolg deur 'n normale of bogemiddelde reënval na toediening / gedurende die seisoen waarin **CALIBRE SC** toegedien is.

Toedienings op gronde wat uitsit by natwording en kraak óf krummel by uitdroging asook gronde met 'n hoë kalkinhoud mag tot gevolg hê dat die triasien veel langer aktief bly in die grond as wat deur bostaande wagperiodes aangedui word en sodoende die wagperiodes verleng. Voor opkoms behandeling op sulke gronde mag ook swak onkruidbeheer tot gevolg hê.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

CALIBRE SC is as Groepkodes K₃ & C₁ onkruidodder geklassifiseer. Enige onkruidpopulasie van 'n spesifieke onkruid spesie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **CALIBRE SC** of enige ander Groepkodes K₃ & C₁ onkruidodders het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **CALIBRE SC** of enige ander Groepkodes K₃ & C₁ onkruidodders beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

SIMPTOME VAN VERGIFTIGING:

Geen menslike vergiftiging bekend nie.

Simptome mag die volgende insluit; 'n allergiese velreaksie, asemhalingsirritasie, hoofpyn, benoudheid, duiseligheid, maagpyn en braking.

NOODHULPBEHANDELING:

Inaseming – Verwyder die pasiënt van die oorsaak van vergiftiging, stel hom gerus en hou pasiënt stil. Indien pasiënt ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. Indien asemhaling bemoeilik word, gee suurstof. Verkry mediese hulp.

Ingesluk – Vervoer die pasiënt onmiddellik na die naaste hospitaal of mediese sentrum om hulle van die verwagte aankomstyd te verwittig, om te verseker dat die behandeling sonder enige vertraging kan begin. MOENIE braking veroorsaak, tensy só deur mediese personeel aanbeveel word nie. Moenie iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie. Indien 'n groot hoeveelheid van die produk ingesluk is, skakel 'n geneesheer onmiddellik. Maak stywe klere soos 'n kraag, das, belt of lyfband los.

Velkontak – Verwyder besoedelde klere en skoene en spoel die besoedelde liggaamsdele met voldoende seep en koue water af vir minstens 15 minute. Was besoedelde klere voor hergebruik. Maak skoene deeglik skoon voor hergebruik en verkry mediese hulp.

Oogkontak – Gaan na en verwyder enige kontaklense. Spoel oë onmiddellik met lopende water vir minstens 15 minute terwyl die ooglid oopgehou word. Verkry mediese hulp.

NOTA AAN GENEESHEER:

Wanneer 'n groot hoeveelheid produk geabsorbeer is mag 'n maagspoeling nodig wees. Behandel simptome.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Moenie **CALIBRE SC** op ingeteelde ouerplante van mieliebasters of op eksperimentele óf nuut vrygestelde kultivars gebruik, alvorens die registrasiehouer en die saadverspreider geraadpleeg is nie.

Vloedbesproeiing mag lei tot verminderde onkruidbeheer.

Optimale voor-opkom onkruidbeheer word verkry op 'n fyn-, gelyk saadbed wat vry van kluite, onkruide en plantreste is. Stoppelkombers of 'n verminderde deklaagbewerking kan egter lei tot onvoldoende onkruidbeheer.

Alvorens **CALIBRE SC** met ander onkruidodders gebruik word moet die etiket van die betrokke middel(s) gelees en enige beperkings en aanbevelings nagekom word. 'n Fisiese mengbaarheidstoets behoort vóór elke bespuiting gedoen te word.

Die gebruik van **BLADBUFF 7 / BLADBUFF 12 / TECHNIBUFF** word aanbeveel om alkaliese hidroliese te voorkom.

MENGINSTRUKSIES:

SKUD DIE HOUER DEEGLIK VOOR GEBRUIK

MAAK DIE HOUER DIG TOE NA GEBRUIK

Wanneer **CALIBRE SC** met ander onkruidodders vermeng óf in 'n spuitprogram gebruik word, moet die etikette van alle betrokke produkte sorgvuldig gelees en die vervaardiger se aanbevelings nagekom word.

Indien **CALIBRE SC** met ander geregistreerde onkruidodders vermeng word, moet die volgende prosedure kronologies gevolg word:

- a) Maak die spuittenk driekwart vol met skoon water en voeg die verlangde hoeveelheid **CALIBRE SC** by, deur 'n 50 maas sif terwyl daar voortdurend geroer word.
- b) Verseker dat die mengsel gedurende vermenging en tydens spuit, deurgaans geroer word.
- c) Tenkmengsels moet deeglik uitgespuit word en nie toegelaat word om oornag te staan nie.
- d) Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word na toediening.

TOEDIENINGSMETODE:

Verseker dat die toedieningsapparaat korrek gekalibreer is en dat dit gereeld nagegaan word vóór en tydens toediening.

10 – 15 mm reën binne 7 - 10 dae na toediening is noodsaaklik vir meer doeltreffende onkruidbeheer.

CALIBRE SC moet toegedien word op 'n goed voorbereide saadbed, vry van ontkiemende onkruid en sonder kluite.

Vir optimale onkruidbeheer moet die saadbed binne 3 dae vóór plant voorberei word en onmiddellik opgevolg word met die **CALIBRE SC** toediening na plant. 10 – 15 mm reën of besproeiing binne 3 dae na toediening word benodig om die onkruidodder in die onkruidzone van die ontkiemende onkruid in te was.

Onder droë toestande mag onkruidsaailinge opkom, maar hulle is gewoonlik beduidend klein en kan vernietig word met 'n vlak rolskoffelbewerking wat terselfdertyd die onkruidodder met die boonste 10 – 20 mm grondlaag vermeng, óf dit kan vernietig word met 'n geregistreerde na-opkoms onkruidodder toediening.

Stortbuie direk na toediening mag lei tot swak effektiwiteit van die produk a.g.v. wegspoel of logging. In dié geval sal 'n opvolgbespuiting na 'n skoffelbewerking gedoen moet word.

Indien korsvorming 'n probleem word moet 'n roltandeg, nie dieper as 10 – 20 mm, in dieselfde rigting as die plantrye gebruik word, om die ontkieming van die mielies te bevorder.

Enige meganiese bewerking na toediening sal lei tot swakker onkruidbeheer.

Skoffelbewerking asook spooropbreking na toediening mag onkruidbeheer benadeel indien onbehandelde grond na die oppervlak gebring word.

Verseker dat voldoende kunsmis tydens plant, op 'n veilige afstand naby die saad geplaas word om kragtige saailinggroei te bevorder. Dit is veral van belang waar vroeg geplant word terwyl die grondtemperatuur relatief laag is met 'n aaneenlopende vogtige klimaat.

Gebruik 200 – 300 l/ha spuitvolume vir algehele grondtoediening.

Toedieningshoeveelhede en spuitvolumes vir op die ry strookbehandeling moet dienoreenkomstig aangepas word.

GRONDTOEDIENING:

Voor-opkom (Belangrik):

CALIBRE SC óf tenkmengsels daarvan moet verkieslik tydens plant, óf onmiddellik na plant by mielies toegedien word. Moenie later as drie dae na die laaste grondbewerking en plant toedien nie. **Magnum** of **Magnum Super** kan gebruik word vir die beheer van snywurms.

Afhangende van omstandighede, mag aanvaarbare grasbeheer tot 6 weke na toediening verkry word.

Indien verlengde onkruidbeheer verlang sou word, asook waar strookbehandeling as 'n voor-opkom behandeling gedoen is, word 'n opvolgbespuiting na 'n deeglike skoffelbewerking aanbeveel, vóór opkom van enige onkruid.

Na-opkom:

Indien toegedien word as 'n na-opkom behandeling moet die breëblaaronkruid kleiner as die 4-blaarstadium wees. Indien grasse teenwoordig is óf breëblaaronkruid groter as die 4-blaarstadium is, moet die onkruid eers met 'n skoffelbewerking vernietig word vóór bespuiting.

TOEDIENINGSTABEL:

MIELIES	
Tabel 1 Die beheer van sekere breëblaaronkruid en eenjarige grasse waar kruisvingergras (<i>Digitaria sanguinalis</i>) 'n probleem is	
% Klei	CALIBRE SC ℓ / ha
0 - 10	1.8 – 2.30
11 – 15	2.3 - 2.75
16 – 20	2.75 – 3.25
21 – 30	3.25 – 3.75
31 – 40	3.75 – 4.5
>40	Nie aanbeveel
In gevalle waar 'n matige onkruidruk van die volgende onkruid voorkom, gebruik die hoër dosis; Groot stinkblaar (<i>Datura ferox</i>) Stinkblaar = Olieboom (<i>Datura stramonium</i>) Kruisvingergras (<i>Digitaria sanguinalis</i>) Kakiebos (<i>Tagetes minuta</i>) Ligte onkruidruk van geeluintjie (<i>Cyperus esculentus</i>). By <i>Cyperus esculentus</i> sal slegs onderdrukking verkry word.	

ONKRUIDE WAT DEUR CALIBRE SC BEHEER WORD	
Grasse	
Litjie-sinjalgras Witpluim-chloris Kruisvingergras Jongosgras Gewone buffelsgras Soet buffelsgras Rooiborselgras Klitsborselgras Kleinwortelsaadgras Grootwortelsaadgras Tuingras Bosveld-beesgras Beesgras	<i>Brachiaria eruciformis</i> <i>Chloris virgata</i> <i>Digitaria sanguinalis</i> ² <i>Eleusine indica</i> => <i>Eleusine corocana</i> <i>Panicum maximum</i> ¹⁺² <i>Panicum laevifolium</i> => <i>Panicum schinzii</i> ¹⁺² <i>Setaria pullide-fusca</i> <i>Setaria verticillata</i> ¹⁺² <i>Tragus berteronianus</i> ¹⁺² <i>Tragus racemosus</i> ¹⁺² <i>Urochloa brachyura</i> ¹⁺² <i>Urochloa mosambicensis</i> ¹⁺² <i>Urochloa panicoides</i>
Aangesien CALIBRE SC eenjarige grasse beheer kan ander eenjarige grasse wat nie gelys is nie, ook tot 'n mindere of meerdere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid t.o.v. ongeklyste onkruid nie.	

Breëblaaronkruid	
Agt sadige kruipsterklits Vyfsadige kruipsterklits Regopsterklits Meerjarige misbriede Gewone misbriede Doringmisbriede Rooimisbriede Spaanse knapsekêrel Kosmos Knapsekêrel Withondebossie Groenhondebossie = Hondepisbossie Rusperbossie = Enkelblaar Cleome Mooinooientjie Bengaalse wandelende Jood Mielie Crotalaria Wildekomkommer = Agurkie Geeluintjie Stinkblaar (<u>slegs vroeg ontkiemend</u>) Knopkruid Gisekia Wildestokroos Terblansbossie Purperwinde Basterappelliefie Wilde-appelliefie Porslein = Varkslaai Tropiese Richardia Kleinkakiebos Sydissel Kakiebos Dubbeltjie Kankerroos	<i>Acanthospermum australe</i> <i>Acanthospermum glabratum</i> <i>Acanthospermum hispidum</i> <i>Amaranthus deflexus</i> <i>Amaranthus hybridus</i> <i>Amaranthus spinosus</i> <i>Amaranthus thunbergii</i> <i>Bidens bipinnata</i> <i>Bidens formosa</i> => <i>Cosmos bipinnatus</i> ¹⁺² <i>Bidens pilosa</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Chenopodium carinatum</i> <i>Cleome monophylla</i> <i>Cleome rubella</i> <i>Commelina benghalensis</i> ¹⁺² <i>Crotalaria sphaerocarpa</i> ¹⁺² <i>Cucumis myriocarpus</i> ² <i>Cyperus esculentus</i> ¹⁺³ <i>Datura</i> spp ¹⁺²⁺⁴ <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Gisekia pharnaceoides</i> <i>Hibiscus cannabinus</i> ¹⁺²⁺⁴ <i>Hibiscus trionum</i> <i>Ipomoea purpurea</i> ¹⁺²⁺⁴ <i>Nicandra physaloides</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Richardia brasiliensis</i> <i>Schkuhria pinnata</i> <i>Sonchus oleraceus</i> <i>Tagetes minuta</i> ¹⁺² <i>Tribulus terrestris</i> ¹⁺²⁺⁴ <i>Xanthium strumarium</i> ¹⁺²⁺³⁺⁴

Nota:

1. Onkruid wat deur die hoër dosis in die reeks beheer word.
2. Addisionele onkruid beheer deur na-opkom toediening.
Grasse wat beheer word teen die hoër dosis.
3. Wisselvallige beheer.
4. Vir verbeterde breëblaar beheer kan Atrasien of Suprasien by die aanbevole dosis van **CALIBRE SC** gevoeg word (Tabel 2).

3. Die beheer van *Cyperus esculentus* is afhanklik van die volgende:

*Waar 'n keuse vir die dosis aangebied word moet die hoër dosis gebruik word.

*n Diep bewerking moet die plantproses voorafgaan.

*Sien "Toedieningstabel" vir meer besonderhede.

Tabel 2	
Addisionele onkruidodder aanbevelings	
% Klei	Atrasien / Suprasien (ℓ/ha)
0 - 10	0.5
11 – 15	0.5 – 0.75
16 – 20	0.75 – 1.0
21 – 30	1.0 – 1.25
31 – 40	1.25 – 1.50
>40	Nie aanbeveel

Die volgende handelsmerke en registrasies word erken:

Produk	Registrasienommer	Maatskappy
Atraflo 500 SC	L5504	Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)
Bladbuff® 7	L 8121	Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)
Bladbuff 12®	L 8201	Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)
Magnum®	L4967	Technichem Oesbeskerming (Edms) Bpk
Magnum® Super	L6679	Technichem Oesbeskerming (Edms) Bpk
Suprazine® 600 SC	L4846	Dow AgroSciences Suidelike-Afrika (Edms) Bpk

Bladbuff 12® & Bladbuff® 7 is die geregistreerde handelsmerke van AECI Beperk (Nulandis® 'n afdeling van AECI Beperk)

Atraflo & Technibuff is die geregistreerde handelsname Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)